# Baie welkom by Wapadrant!
# ‘n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

**Fokus 2017: Wees lief vir mekaar**
**Datum: 23 April 2017**

## Eredienste vandag

**08:30 Rassie Smit**
Teks: Psalm 107
Tema: Die wonders van die Here

**10:15 Rassie Smit**
Teks: Psalm 107
Tema: Die wonders van die Here

**18:30 Wilhelm Leushcner**
Teks: “Die hele Maleagi”
Tema: Die hele Maleagi

## Kleuterkerk-, Laerskool- en Hoërskoolkleingroepe

**Kleuterkerk 3-6 jariges** Kleuters kom **direk** in die Jeuglokaal bymekaar tydens die eerste erediens.

**Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6): 08:30** Kom in die VIERKANT bymekaar vir die inkleurprojek.

**Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12) 17:30** Kom bymekaar in hulle onderskeie lokale.

## Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma’s met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **“Neem-en-Deel“** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

## Predikante preekbeurte

| | 08:30 | 10:15 | Straatkafee |
|---|---|---|---|
| 30 April | Rassie | Rassie | *Geen* |
| 7 Mei | Jaco | Jaco | Jaco |
| 14 Mei | Rassie | Rassie | Peet |

## Lief en Leed

ONS VRA JOU VOORBIDDING VIR:

- Johan en Magda Prinsloo (0825730146). Johan se moeder is verlede Donderdag oorlede. Die begrafnis het Vrydag plaasgevind.
- Familie en vriende van Dolly van Tonder. Dolly is verlede Sondag in die ouderdom van 88 jaar oorlede. Die begrafnis het Vrydag plaasgevind.
- Almal wat ongesteld is.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Almal wat veilig terug is na die vakansie.

## Doop en Nagmaal

Die volgende **DOOP** vind op 7 Mei plaas. Dooptoerusting vind vanaand plaas om 17:30 in die konsistorie.

Die **NAGMAAL** word op 14 Mei bedien by al die eredienste.

## Liefdegawes 2017 (Kollekte tydens eredienste)

- Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente: Wapadrant Diakonie. (Vir behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- Een derde vir: Administratiewe Buro Potchefstroom vir verpligte liefdegawes aan hul betaalbaar.

## Kleingroep inisiatiewe (www.http://wapadrant.co.za/kleingroepinisiatiewe.html)

Huis Ebenhaeser: Kleingroep G022 is betrokke by Huis Ebenhaeser in Daspoort. Enige kleingroep/lidmate wat betrokke wil raak, kontak Wapadrant Kerkkantoor.

Cyferkuyl Kerkplantprojek: Kontak Anlia du Plessis by 0824763047 of uitreik@gkwapadrant.co.za.

Botswana Sending: Navrae by Cor Meindertsma by 082 551 6183 / 012 991 2719.

Tennisbalprojek van kleingroep G007: Plaas asb ou, heel tennisballe in die houer in die voorportaal van die kerk. Plaas asb. geldelike donasies in gemerkte koevert “tennisballe” in liefdegawe sakkie. Kontakpersoon Elsie Vorster by 082 553 9997 weeksdae na 14:00 en naweke enige tyd.

Danville kosprojek: G015 ondersteun Alet Stroebel wat aan 100 gesinne voedsel voorsien. Elke Desember skenk ons ´n volledige kersete aan elke gesin. Kontak Winnie by 0824684076 vir meer inligting.

Kleingroep G028: Ons het ‘n uitreik projek om volwasse gestremdes in o.a. Paul Jungnickel tehuis te ondersteun. Die volgende koekverkoping vind VANDAG plaas tussen die eredienste in die amfi. Ondersteun asb. die fondsinsameling en kom koop ‘n heerlike versnapering.

## Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite
**http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html**

- Senior Bybelstudie: Dinsdag om 9:00 in die konsistorie. Peet gesels oor Spreuke 6.
- Vroue Bybelstudie: Dinsdag om 9:00 in lokaal 9.
- Hekel/breiblokkies: Voltooide komberse moet so gou moontlik ingehandig word. Baie dankie aan almal wat gehelp het om die blokkies om te tooi in kleurryke komberse. Kontak Hetta Henning by 082 594 5885 vir navrae.
- Inkleurprojek: Dankie aan almal wat deelgeneem het aan die Inkleurprojek. Onthou om die voltooide stuk te stuur na wapadrantfokusjaar@gmail.com sodat dit op die bord geplaas kan word.
- Sunrise Road NPO: Artikel 18A Sertifikaat is geregistreer vir die uitreik van belastingserti-fikate vir enige donasies. Kontak Anlia by 082 476 3047 of uitreik@gkwapadrant.co.za vir navrae en inligting.
- Braaihout is beskikbaar naby die “Neem en Deel” rak in die saal teen R15 per sak. Die op-brengs is ten bate van die “Neem-en-Deel” Bybelprojek.

## Biddag vir Suid Afrika: 27 Maart

Die *Mansfield Christian Reformed Church* (Brisbane) het op 27 Maart ‘n **dag van gebed** gereël om te bid vir Suid Afrika. Die volledige brief sal in die Mei uitgawe van die Maand-Krant verskyn. Lees dit op die webblad by http://www.wapadrant.co.za/nuus.html